

HOOFSTUK II

Enkele grondvrae uit die algemene sosiologiese beskouing
oor opvoeding en die samelewing.

Waar ons in hoofstuk 1 gelet het op die ontstaan, aard en wese van die Opvoedkundige Sosiologie, wil ons nou in hoofstuk II kortliks aantoon wat die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die grondstellinge in hierdie verband is.

1. Die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en roeping.

By die behandeling van hierdie afdeling het ons te make met:

- 1) Wat verstaan ons onder die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en
- 2) wat verstaan ons hier onder roeping?

A. Die ruimere sosiologiese opvatting van die onderwys en opvoeding.

Verskeie skrywers praat van hierdie ruimere sosiologiese opvatting van die onderwys en opvoeding. Ons bedien ons van enkele sitate in hierdie verband.

(a) Definisies en omskrywinge.

„Een menselyke gemeenskap, waarin niet opgevoed wordt, bestaat niet" 1).

„All contacts are parts of a process of education" 2).

„Education touches life at every point.....
Society is full of educators" 3).

-
- 1) Kuypers, A., Wielenga, G., Wyngaarden, H.R.: Feestbundel uitgegeven ter geleentheid van het Vijfentwintigjarig Jubileum als Hoogleraar van Doctor Jan Waterink, p. 105-106.
 - 2) Hayes, E.C.: Introduction to the Study of Sociology, p. 652.
 - 3) Ottaway: Education and Society, p. 5.
Vgl. Cuber, J.F.: Sociology. A Synopsis of Principles.

".....When the great institutions of society begin to work together towards a common end, then at last we are on the road to the ideal of a society which is educative in all its parts and aspects" 1).

"It is the means whereby organized society is perpetuated and whereby it grows" 2).

"To tell him as a teacher and educator what he ought to know about the place of education in the social order" 3).

"Die voortdurende opvoeding en beïnvloeding die van de samenleving op de mens van de wieg tot het graf uitgaat...."4).

".....Dit is noodsaaklik dat ons ons self eers rekenskap gee van die veel ruimer sosiologiese betekenis van die begrippe onderwys en opvoeding" 5).

(b) Enkele grondstellinge voortvloeiende uit hierdie definisies en omskrywinge.

"Education is an activity which goes on in a society, and its aims and methods depend on the nature of the society in which it takes place" 6)

Die ruimere sosiologiese opvatting oor die onderwys en opvoeding word ook genoem die informele onderwys en opvoeding. Mannheim praat byvoorbeeld van "the place of education in the social order" 7).

Professor du Preez 8) gee weer die volgende kort samevatting: "In die algemeen kan ons die onderwys en opvoeding

1) Dent, H.C.: Education in Transition, p. 235.

2) Gillin, J.L. en Gillin, J.P.: Cultural Sociology, p. 400.

3) Sociology and Education: Addresses given at the Winter School, p. 6.

4) Van Dijk: Mens en Medemens, p. 67.

5) Du Preez in Onderwysblad, 1 April 1954, p. 25.

6) Ottaway: Education and Society, p. 1.

7) Vgl. Mannheim: Diagnosis of our Time, p. 56, 57.

8) Du Preez in Onderwysblad, 1 April 1954, p. 25.

beskou as die leiding wat deur mense aan mense gegee word. Ons stel dit so breed omdat ons ons wil vrywaar van die misverstand dat alleen kinders en jongmense met onderwys en opvoeding te make het. Die mens gee en aanvaar leiding so lank as wat hy leef. In die verhouding van onderwys en opvoeding moet voorop staan dat onderwys 'n deel is van die opvoeding, sodat hierdie twee begrippe nie geskei kan word nie. Onderwys is altyd 'n soort van opvoed, 'n sekere leiding gee."

Uit hierdie aanhaling van professor du Preez vloei daar sekere belangrike grond^{stellinge}voort:

(c) Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die ruimere sosiologiese opvatting oor die onderwys en opvoeding.

- i) Ten eerste: die twee pole in die onderwys en opvoeding is altyd 'n verhouding van opvoeder - opvoedeling, d.w.s. 'n volwassene gee leiding aan 'n kind.
- ii) Ten tweede: die aard van die kennis wat voortspruit uit en oorgedra word in hierdie verhouding van opvoeder - opvoedeling is altyd in ooreenstemming met die bepaalde samelewingsvorm waarin dit opgedoen word; bv.: ons beperk ons doelbewus tot die vernaamste samewingsvorme waar hierdie kennis opgedoen word. In die huisgesin is die liefdesgesagsleiding wat die ouers aan hulle kinders gee 'n doelbewuste inskerping van die toekomstige gesin, landsburgerskap in terme van die vyfde gebod en die verklaring van die Heidelbergse Kategismus ten opsigte van die onderlinge liefdesverhoudinge tussen ouers en kinders op die grondslag van die bloedsband, maar ook die geloofsonderrig deur middel van „Boeke vat" vir die toekomstige kerklidmaat ens.

Naas die gesinsopvoeding staan neweskikkend ook die onderwys en opvoeding van die kerk, wat 'n bybring is van geloofsonderrig en geloofskennis volgens die konfessionele aard van die kerk. Ook die staat staan neweskikkend aan die gesinsopvoeding, hoewel die middele van 'n beperkte aard is

vir die opvoeding tot hierdie burgerskap. Daar is slegs die verdedigingsmag met sy militêre skole of kolleges vir opleiding in die land-, lug- en seemag en die polisieopleidingskollege.

Die opvoedingsaktiwiteit is 'n proses vanaf die wieg tot aan die graf. In die huisgesin ontvang die kind sy eerste indrukke met betrekking tot sy eie huis, hier leer hy sy eerste burgerskap. Wat hy hier leer, moet beslis 'n faktor wees wat sy lewe later as volwasse beïnvloed. Maar Ottaway sê ook in hierdie verband: „Society is full of educators" ¹⁾. Na aanleiding van hierdie woorde kan tereg beweer word dat die hele lewe 'n leerskool is: opvoeding is eie aan die menslike natuur, soos reeds tevore aangetoon is.

iii) 'n Derde grondstelling is dat opvoeding 'n pedagogiese werksaamheid in die menslike samelewing is.

Om die vorige aanhaling van Ottaway te voltooi, stel hy dit dat „education touches life at every point" ²⁾. Ook Hayes bevestig hierdie bewering van Ottaway met:

„All contacts are parts of a process of education" ³⁾.

Insgelyks sê Van Dijk dat „die voortdurende opvoeding en beïnvloeding" ⁴⁾ in verband staan met die vorming en ontwikkeling van die wordende persoonlikheid van die kind.

In hierdie verband moet ons ook daarop wys dat volwassenes ook leiding gee aan volwassenes, byvoorbeeld die predikant aan die gemeente deur die verkondiging van die Evangelie, die staatsamptenaar aan die belastingbetaler, die verkeerskonstabel aan die motoris, fietsryer ens. Maar daar is 'n wesentlike verskil tussen hierdie pedagogiese werksaamheid en dié van verskillende volwassenes wat leiding op hulle terreine aan die kind gee.

1) Ottaway: Education and Society, p. 5.

2) Idem.

3) Hayes, E.C.: Introduction to the study of sociology, p. 652

4) Van Dijk: Mens en Medemens, p. 67.

In eersgenoemde geval word die volwassenes as't ware nie slimmer deur hierdie leiding en kennis wat opgedoen word, d.w.s. deur hierdie onderwys nie, maar dis veeleer 'n oriëntering van die volwassene deur wat hy geleer het.

B. Die engere opvatting van die onderwys en opvoeding in die skool.

In die ruimere sosiologiese beskouing oor die onderwys en opvoeding, het ons spesifiek te make met onderwys in die skool, d.w.s. binne die perke van die ouderdomme 7 jaar tot ± 18 jaar. Ek beperk my in hierdie verband spesifiek tot die laerskool.

Tevore het ek reeds 'n uiteensetting gegee van wat onder 'n laerskool verstaan word. Enkele grondstellinge en gepaard hiermee enkele grondvrae in opvoedkundig-sosiologiese sin en betekenis word later behandel, daarom sal nie nou in besonderhede van die formele onderwys en opvoeding van die laerskool ingegaan word nie.

C. Samevatting en eie opvatting.

Uit wat tevore vasgestel is ten opsigte van die grondstellinge voortvloeiende uit die ruimere sosiologiese opvatting van die onderwys en opvoeding kom ons tot die volgende konklusies:

- (i) By alle kontakte is daar 'n pedagogiese werksaamheid.
- (ii) Alle kontakte word gemaak deur twee of meer persone in die sosiale groepe.
- (iii) Hierdie groepe is van verskillende soorte, volgens hulle eie aard, wese en struktuurnorm.
- (iv) Orals is daar sprake van onderwys en opvoeding.
- (v) Dus het elke groep of samelewingsvorm, hetsy gemeenskapsvorm of maatskapsverhoudinge, sy pedago-

giese aspek waarvan die funksie dié van opvoeding en onderwys volgens sy aard en wese is.

- (vi) Alle onderwys is deel van die opvoedingsproses, d.w.s. die pedagogiese werkzaamheid word sosiologies belig: dis 'n sosiale proses wat vanaf die wieg tot aan die graf voortgaan.
- (vii) Hierdie sosiale proses van leiding gee en leiding aanvaar, rus op 'n fundamentele trek in die menslike natuur wat die universaliteit van die pedagogiese werkzaamheid 'n voldonge feit maak. Dit geld van alle menslike samelewinge en gemeenskappe van sowel die verlede as die hede in wêreldomvattende sin en betekenis.

Hierby is dan ook ingesluit sekere take en leiding wat elke groep of mens op sy eie lewensterrein aan ander persone en groepe gee.

Bogaande kom dus daarop neer dat elke mens en groep 'n bepaalde taak en roeping het op die opvoedkundige lewensterrein ten opsigte van sy bepaalde beroepsarbeid.

Hierdie bewering moet egter effens uitgebrei word, omdat die normatiewe aard van die sosiale orde aan elke mens en groep en bepaalde samelewing en die samelewing as 'n geheel 'n bepaalde taak en roeping op die opvoedkundige lewensterrein oplê, d.w.s. die hele samelewing het tot roeping onder andere ook die verantwoordelikheid van die onderwys en opvoeding van die jeug.

Ten besluite lê die universaliteit van die pedagogiese werkzaamheid en roeping opgesluit in die volgende:

„education in its widest sence includes any method whereby culture, including not only social heritage and traditions, customs, and institutions from the past, but also new knowledge and techniques, is transmitted from one individual or group to another individual or group. It involves both

learning and teaching, and is vitally necessary for the continued existence and functioning of any society. It is the means whereby organized society is perpetuated and whereby it grows" 1).

Hierdie roeping het ten doel die geleidelike inskerping van 'n groeiende verantwoordelikhede- en normbesef by die wordende persoonlikheid van die kind, hier en nou, as die aksiesentrum in die drie-eenheid van mens, samelewing en kultuur.

2. Universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die sosiale proses van samewerking.

In die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en roeping lê opgesluit verskeie sosiale prosesse wat ons vervolgens behandel. Samewerking word in The Dictionary of Sociology aangegee as: „any form of social interaction in which personalities or groups combine their activities in such a way that the greater success of one party to the interaction, the greater the success of the other party or parties" 2).

Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die sosiale proses van samewerking en opvoeding.

i) 'n Grondstelling wat uit die laaste aanhaling voortvloei, is dat die mens en mens, die mens en die groep asook groepe en groepe, volke en volke met mekaar saamwerk.

ii) Die wese van hierdie samewerking is dat daar 'n gemeenskaplike denke, gevoel en handeling is om 'n gemeenskaplike, bepaalde doelstelling of vooropgestelde doelstelling te bereik.

1) Gillin, J.L. en Gillin J.P.: Cultural Sociology, p. 400.

2) Van der Walt: Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, p. 46.

iii) Daar is in hierdie gemeenskaplike strewe en die uitvoering van 'n gesamentlike doelstelling 'n wedersydse beïnvloeding van die individu en die groep op mekaar.

iv) Dit wil sê die individu ondergaan die invloed en vorming van die groep in die bereiking van 'n doelstelling. Andersyds dra die individu weer sy deel by tot die instandhouding en die vorming van die groep met sy individuele aktiwiteite. Dienaangaande haal ek Murray aan: „In return each institution tends to shape the conduct of its members" ¹⁾.

v) 'n Vyfde grondstelling is dat hierdie sosiale proses van samewerking in universele sin plaasvind, d.w.s. in die menslike samelewing as geheel, en wel in onder andere die volgende aspekte van die dinamiese, strukturele orde: in die ekonomiese, staatkundige, kerklike of godsdienstige en ander samelewingsvorme. Hierdie samewerking geskied op die basis van die kwalifiserende funksie van elke onderskeidende samelewingsvorm volgens 'n gemeenskaplike doel.

vi) 'n Laaste vorm van samewerking in hierdie ruimere sosiologiese opvatting van die pedagogiese werkzaamheid, is dat samewerking die noodsaaklike voorwaarde is vir die instandhouding, vorming, bestaan en voortbestaan van die samelewingsorde.

vii) Na aanleiding van die grondstelling van die normale sosiale proses van samewerking wys ons ook op byvoorbeeld die verstoorte samewerking, dit is disharmonie. Dit kom tot openbaring d.m.v. wrywing, konflik, asook in die vorm van die negatiewe uitwerking van 'n opposisie en kompetisie op byvoorbeeld die ekonomiese, godsdienstige, staatkundige en somtyds in geïsoleerde gevalle op die opvoedkundige lewens-terrein ens.

1) Murray, R.W.: Introductory Sociology, p. 245.

Onder die gesonde liefdesgesagsleiding van die ouers in die huisgesinne word kinderopstand of botsing oor sekere opvattinge geharmonieer en word die eenheid as 'n liefdesgemeenskap in die gesin herstel.

3. Universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die sosiale proses van wisselwerking.

Die opvoedingsproses is 'n sosiale proses. Die bereiking van 'n gemeenskaplike doelstelling vereis samewerking. In die opvoedingsproses is die samewerking in die verhouding opvoeder - opvoedeling 'n proses van wisselwerking, waarin die leiding wat gegee en aanvaar word, 'n opvoedingsaktiwiteit is.

Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die sosiale proses van wisselwerking en opvoeding.

i) In hierdie wisselwerking gaan dit om die beïnvloeding tot die vorming en ontwikkeling van die individuele eienskappe: geestelik, verstandelik, liggaamlik en sosiaal tot die wordende persoonlikheid van die kind vir 'n eie persoonsroeping.

ii) Kinneman sê kortliks die volgende oor die proses van wisselwerking: „It (interaction) is a part of the societal functioning which cannot be avoided. It is a natural product of human associations" 1).

Uit hierdie bewering lei ons af dat die proses van wisselwerking 'n onmisbare element is by die pedagogiese werksaamheid. Wisselwerking behoort tot die natuur van die mens met sy sosiale taak en roeping, en in die mens se funksies in die strukturele orde van die samelewing kom hierdie wisselwerking tot openbaring. Hierdie funksies kan

1) Kinneman, J.A.: Society and Education, p. 27.

empiries vasgestel word.

iii) By die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid word die empirie vir ons duidelik uit die volgende aanhaling wat die verband en die plek van die individu in die menslike samelewing aantoon: „Such an individual is an interacting member of the social order" 1).

iv) Daar is 'n voortdurende afstempeling in dié wedersydse beïnvloeding van die normatiewe orde op die feitlike orde, en omgekeerd: van so behoort dit te wees en van soos dit is.

v) By die wisselwerkingsproses is kontak met die medemens onmisbaar. Dié kontak is naas andere dinge noodsaaklik vir die beïnvloeding, vorming en ontwikkeling van die verhoudinge, die gedragswyse en gesindheid tot 'n lewenshouding van die kind.

vi) Hierdie kontakte staan in verband met die aard van die pedagogiese werksaamheid wat van die betrokke mense en groepe uitgaan.

Die volgende aanhaling staaf hierdie bewering:
„All contacts are parts of a process of education" 2).

vii) Kontak in die wisselwerkingsproses van die pedagogiese werksaamheid begin in die huisgesin en brei geleidelik uit tot die uiteindelijke gesonde aansluiting by die menslike samelewing.

viii) Deur wisselwerking en persoonlike kontak word ook die opvoeder self opgevoed 3). Hierdie bewering impliseer ook die besondere waarde wat hierdie wisselwerking met die samelewingstotaliteit het vir die groot verskeidenheid van op-

1) Park, R.E.: An outline of the principles of Sociology, p. 111.

3) Vgl. Van Houte, I.C.: Over den opvoeder. Mededelingen van het Nutseminarium voor Paedagogiek aan de Universiteit van Amsterdam, p. 19.

2) Hayes: Introduction to the study of Sociology, p. 652.

voeders en veral met name vir die ouers self, in hulle same-
werking met die skool.

4. Universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die
sosiale proses van verandering.

In die vorige deel is aangedui dat wisselwerking, persoon-
like kontak en persoonlike verhouding by die opvoedingsproses
'n onmisbare element is by hierdie aktiwiteit.

Maar ook die opvoedingswerksaamheid vind plaas midde
in die menslike samelewing. Auguste Comte het reeds gewys
op die dinamiese aard van die menslike samelewing. Met hier-
die voortdurende verandering van die samelewing hou ook die
onderwys en opvoeding rekening.

Sonder om nou al in besonderhede te gaan, wys ek voor-
lopig op die funksionele verhouding tussen die opvoeding en
die samelewing en die laerskool en die samelewing.

Hiermee wil ek kortliks aantoon wat die invloed van
sosiale verandering op die onderwys en opvoeding is.

Mannheim ¹⁾ het in sy „Diagnosis of our Time” gewys op
die groot oorgange in die menslike samelewing. Na aanleiding
van hierdie groot oorgange deur sosiale verandering kom hy
dan ook tot die vraag oor die verhouding van die opvoeding
tot die samelewing in die algemeen. 'n Analise van hierdie
verandering omskryf Wirth as volg: „Social change or social
disorganization, or the study of the broad transformations
going on in society, the manner in which they affect institu-
tions, attitudes, ideas and behaviour, and the problem
situations which man confront” ²⁾.

Die beste diagnose van hierdie „social change and

1) Vgl. Mannheim: Diagnosis of our Time, hoofstukke 4 en 5.

2) Wirth, L.: „The significance of sociology” in International
Social Science Bulletin, Summer 1951, Vol. 3,
No. 2, U.N.E.S.C.O. Publication, pp. 198-199.

social disorganization" vind ons by die analise wat voortvloei uit „the study of the broad transformations going on in society". Mannheim laat ons dus verstaan dat ook die onderwys en opvoeding deeglik rekening moet hou met die nuwe sosiale orde waarin ons lewe.

Voorheen is die opvoeding grotendeels gesien as 'n saak van tradisie ¹⁾ „(it) could be seen by everybody" ²⁾ Vandag kan daar nie op die verlede alleen gevegeteer word nie. Die menslike samelewing is voortdurend onderhewig aan sosiale verandering, sodat ook die opvoedingstelsel by hierdie behoeftes van die nuwe sosiale orde moet aanpas en voorsien ³⁾. Tereg word beweer dat ook die opvoeding in 'n krisis verkeer.

Aan die hand van 'n paar sitate kan ons vasstel wat die aard van hierdie krisis is: „The old rules of behavior no longer hold and the discrepancies between city and country life take their toll in maladjusted personalities" ⁴⁾.

„We now have to examine the implications of this mass-society for the young. They no longer grow to maturity within the life of true social units" ⁵⁾.

Die moontlike oplossing kan byvoorbeeld gevind word in wat ons tevore reeds vasgestel het, nl. dat die hele opvoedingstelsel in Amerika ten doel het om die jeug op te voed om by 'n wêreldgemeenskap aan te pas ⁶⁾.

1) Vgl. Dobinson, C.H.: Education in a changing world, p. iii.

2) Mannheim: Diagnosis of our Time, p. 57.

3) Vgl. Cook, L.A. en Cook, E.F.: A sociological approach to education. A revision of community backgrounds of education, p. 3.

4) Dawson and Gettys: An Introduction to Sociology, p. 193.

5) Reeves, M.: Growing up in a modern society, p. 86-87.

6) Vgl. Havighurst en Neugarten: „Principles and Methods of Education for living in a World Community", in Society and Education, p. 349.

In ooreenstemming hiermee is die doelstelling van die opvoeding in Engeland om die jeug op te voed om in 'n massagemeenskap te lewe ¹⁾. Beide opvoedingstelsels beoog beplanning tussen opvoeding en onderwys en die menslike samelewing.

Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die sosiale proses van verandering en opvoeding.

1. Met die opvoeding en onderwys bevind die mensheid hom orals en te alle tye midde in die menslike samelewing.
2. 'n Mate van beplanning in die verhouding tussen die onderwys en opvoeding en die samelewing is noodsaaklik.
3. Uit 'n bewering van Dent ²⁾: "In the last resort the problem of our society is the problem of education and all our social disorders may be traced back to lack of right education," volg dat die aard en wese van die skoolonderwys ook rekening moet hou met die eise van die veranderende en veranderende menslike samelewing.
4. Uit hierdie vorige punt vloei voort dat die skool nie die enigste samelewingsvorm is wat die opvoedingsproses moet voltooi nie. Die skool is wel baie belangrik, maar dit staan naas en saam en in vervlegting met o.a. veral die gesin, ook die kerk, die staat en ander samelewingsvorme.
5. Die skoolonderwys moet voortdurend 'n vernuwing ondergaan ten opsigte van die sosiale veranderingsproses.

5. Universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die sosiale proses van kultuuroordrag.

By wat in die vorige afdeling behandel is, hoort ook

1) Vgl. Mannheim: Diagnosis of our Time, p. 1.

2) Dent, H.C.: A new order in English education, p. 5.

die saak van kultuur en kultuuroordrag omdat die mens, die samelewing en kultuur ook in die onderwys en opvoeding 'n onverbreeklike drie-eenheid is.

In hierdie verband behandel ek nou op die volgende:

i) Sosiologie en kultuuroordrag.

Dit is veral die Sosiologie as vakwetenskap wat die lig werp op wat kultuur en in die besonder kultuuroordrag is.

'n Baie belangrike onderdeel van die kultuur het te make met die kontakte tussen mense en groepe, die tussenmenslike verhoudinge en die gedragswyse wat hieruit voortspuit.

'n Duidelike beeld hiervan word verkry uit die volgende:

"A civilized people, as has been pointed out, needs schools to transmit the culture mass to the oncoming generation. The culture mass cannot be transmitted in toto, however; it must be devided into parts. The culture mass may be devided into a number of definite components, each of which satisfies one or more of the basic or derived human needs. These components of the culture mass are commonly called "social institutions." They include the family, the local community, the state, the industries, the church, the school, the press, the standard of living, the customary recreations, the health-preserving activities, and others" 1).

Met hierdie aanhaling wil ek kortliks aantoon dat daar 'n wisselwerking en vervlegting is tussen die skool en samelewing as 'n geheel.

Dieselfde skrywer sê in hierdie verband nog die volgende:
".....We may say that we send children to school to prepare them to take their places more effectively

1) Finney, R.L. and Zeleny, L.D.: An Introduction to Educational Sociology, p. 185.

in the institutions of society " 1).

In die lig van wat so ver vasgestel is, is hierdie roeping van kultuuroordrag deur die ouer geslag op die jonger geslag oor die hele wêreld 'n werklikheid.

Die kind word gebore met liggaamlike, geestelike, verstandelike en sosiale vermoëns wat tot ontwikkeling en vorming gebring moet word in en deur die menslike samelewing. Maar hierby kom ook nog die mate van kennis en opvattinge, tradisies, lewensgewoontes, gebruike, sedes en waardes, ideale en vaardighede waarmee die kind toegerus moet word om sy lewende aandeel tot die volksgewoontes en tradisies, vaardighede en tegnieke, kultuurgoed en kultuurerfenis van 'n bepaalde volk by te dra.

Hierdie sake is die noodsaaklike voorwaarde vir 'n gesonde, geestelike groei en vir die voortbestaan en toekoms van 'n volk. Dit vorm m.a.w. die min of meer duursame band waarmee die jeug aan sy volk met sy kultuurgoedere en die verdere ontwikkeling daarvan gebind word.

Die oordrag van taal, godsdiens, ^Sedes, idees, ja van die hele kultuur op die opkomende geslag, is van belang vir die lewenshouding wat dié geslag teenoor sy land en volk sal inneem. Tereg skrywe Ottaway: „Man is moulded by Society, but society is also moulded by man" 2).

In die opvoedingsproses van die jeug tot volwassenheid is van belang die wisselwerking met die samelewingsvorme, die samelewingsverhoudinge, die handeling en gebeurtenisse in die sosiokulturele werklikheid. Die kind en die jeug as geheel word geleer om doeleindes na te strewen wat sy verantwoordelikheds- en normbesef op 'n geleidelike wyse vorm tot sy uiteindelijke persoonsroeping.

Hierdie kultuuroordrag begin in die huisgesin onder

1) Vgl. Finney en Zeleny: An Introduction to Educational Sociology, p. 185.

2) Ottaway: Education and Society, p. 37.

leiding van die ouers en word aangevul deur die skool, kerk, staat, bedryf ens., elkeen op sy eie wyse volgens sy onderskeie aard en wese.

Hiermee word dan ook duidelik aangetoon dat die persoonlikheid van die mens ten dele bepaal word deur 'n kultuur waaruit dit gevoed word.

ii) Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die sosiale proses van kultuuroordrag by die opvoeding.

1. Die uitgangspunt by die beskouing oor die sosiale proses van kultuuroordrag is dat die mens en kind, die samelewing en die kultuur 'n onverbreeklike drie-eenheid is.

2. In hierdie drie-eenheid is die mens die aksiesentrum; dit is 'n feit wat deur die opvoeding by die kind ingeskerp word, sodat die besef by hom kan ontstaan dat die samelewing en die kultuur in relatiewe sin die produk is van die skeppings- en vormingsvermoë van die mens.

3. Die ontwikkeling en vorming van die individuele eenskappe van die mens wat potensieel by geboorte reeds aanwesig is, is die noodsaaklike voorwaarde vir die gesonde inskerping en geleidelike aanvaarding d.w.s., die integrasie van die komponente kultuurmassas van die groepe en die samelewing as geheel waarby aangesluit moet word.

4. Die oordrag van kultuur geskied d.m.v. „education in its widest sense includes any method whereby culture, including not only social heritage and traditions, customs, and institutions from the past, but also new knowledge and techniques, is transmitted from one individual or group to another individual or group. It involves both learning and teaching, and is vitally necessary for the continued existence and functioning of any society. It is the means whereby organized society is perpetuated and

whereby it grows" 1).

5. Volgens bogaande het die skool 'n eie plek, funksie en doelstelling by die sosiale proses van kultuuroordrag in wisselwerking met die samelewingstotaliteit.

Kultuuroordrag vorm dus uiteindelik 'n kultuurpatroon by die opvoedingsproses.

6. Universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die sosiale proses tot die vorming van 'n kultuurpatroon.

i) Wat is 'n kultuurpatroon?

Kultuuroordrag geskied in bepaalde omgewings volgens 'n min of meer eenderse patroon. Die optrede van die ouer geslag en dit wat by die jonger geslag ingeskerp word, is van fundamentele belang in daardie oordragsproses. Hierdie enersse kultuurpatrone wat oorgedra word is die resultaat van menslike gedragswyse en van die tussenmenslike verhoudinge in sekere sosiale situasies wat van 'n min of meer eenderse patroon is.

Om duidelikheid te kry van wat 'n kultuurpatroon is, maak ons gebruik van enkele definisies en omskrywinge. Gillin sê: „Culture is the adjustive mechanism for society and group, and any factors that alter the reactive patterns which compose the culture produce "social change" 2).

Linton sê weer: „A culture is the configuration of learned behaviour, and the results of behaviour, whose component elements are shared and transmitted by the members of a particular society" 3).

Cuber stel dit weer soos volg: „Culture is the continually changing patterns of learned behaviour and the products of

1) Gillin: Cultural Sociology, p. 400.

2) Gillin: Cultural Sociology, p. 564.

3) Linton, R.: The Cultural Background of Personality, p. 21.

learned behaviour (including attitudes, values, knowledge, and material objects) which are shared by and transmitted among the members of society" 1).

Bierens de Haan verklaar dit as volg: „Met cultuur wordt hier deze algemene geestelyke gesteldheid bedoeld, onmisbare voorwaarde voor het bestaan der samenleving. Onder cultuur word hier verstaan de algemene gelding van waarden en van daaraan ontleende maatstaven. Misschien in haar wezen vitaliteit, levensintensiteit, levenskracht en levenswil der samenleving. Maar dan toch in gebondenheid. Gebondenheid door een gemeenschap: zy is geen uiting van de levenskracht van enkele individuen, maar van een gemeenschap. Een gebondenheid aan waarden: het is haar wezen dat zy iets tot uiting brengt wat in deze gemeenschap als waardevol geldt. En dus gebondenheid aan de maatstaven die voortvloeien uit dit als waardevol erkennen. In deze betekenis is cultuur een wezenlyk element der samenleving" 2).

Wat sê Van Dijk van die kultuurpatroon? „De totaliteit van sociaal-culturele normen waardoor de menzen in de samenleving (in een bepaalde mensengroep) worden gereguleerd en die in meerdere of mindere mate tot een homogeen geheel zyn geïntegreerd heeft men wel kultuurpatroon, „pattern of culture" genoemd. Deze term geeft wel treffend aan de onderlinge verwevenheid en afhankelykheid van de normatiewe elementen, waardoor een bepaalde eenheid van normatiewe orde ontstaat, die voor elke samenleving weer een ander totaal-karakter kan dragen" 3).

Samevattend stel ons nou die volgende vas: 'n Baie

1) Cuber: Sociology. A Synopsis of Principles, p. 56.

2) Bierens de Haan, J.: Grondslagen der Samenleving, p. 182-183.

3) Van Dijk: Mens en Medemens, p. 69.

belangrike onderdeel van die kultuur is die min of meer enersse gedragswyse van die mens en die groep, die kind en die groep in die sosiale proses van kultuuroordrag ¹⁾.

'n Toeligting van hierdie vind mens in die volgende woorde van Clarke: „My next example is taken from South Africa,as I shall be speaking of an experience which to me was deeply instructive on this point. When I found there certain dominant social and cultural forms, not very familiar to me, but obviously influencing education, I naturally looked for the clue that would enable me to interpret them and relate them organically to the society in which I was working. Predisposition inclined me to the historical one and I found it in due course in the Calvinist Reformation and the Calvinist Holland of the 17th Century ²⁾. Clarke kom tot die volgende gevolgtrekking:

„Most of us here are students of education and many of us are guiding others in the study of it. I agree heartily - none more so - that we cannot do the job properly without considerable equipment of sociological knowledge and method“³⁾.

Hierdie skrywer was dus in staat om in 'n bepaalde samelewing 'n sekere kultuurpatroon van andere te onderskei, d.w.s. 'n min of meer eenvormige gedragswyse wat ten nouste saamhang met 'n lewens- en wêreldbeskouing en tot uiting kom in die konstante samelewingsvorme.

Waar Ottaway skrywe: „Much of human behaviour has to be deliberately taught, and the process begins in the cradle“ ⁴⁾ en Mannheim: „concerning the right patterns

1) Vgl. Van der Walt: Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, p. 60.

2) Clarke, F.: „History, Teaching and Sociology“, in Sociology and Education, p. 93-94.

3) Clarke, F.: „History, Teaching and Sociology“, in Sociology and Education, p. 94.

4) Ottaway: Education and Society, p. 5.

of human behaviour and conduct" ¹⁾, het ons te make met 'n standaardisering van gedragswyse ten opsigte van sekere norme tot 'n lewenspatroon wat tot 'n bepaalde styl van lewe uitgegroeï het.' Dit geld ook t.o.v. die kultuuroordrag van die jeug, wat later by volwassenheid in min of meer enersse gedragswyse tot openbaring kom.

ii) Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die kultuurpatroon en opvoeding.

i. By die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid is die algemene doelstelling die integrasie van die wordende persoonlikheid met die samelewing.

ii. Die kultuurpatroon is die reaksiewyse van die persoonlikheid in die realisering van sy kultuurroeping.

iii. Die grootskaalse konformerings aan 'n eenderse kultuurform is 'n bepaalde vorm van lewenswyse wat ons 'n kultuurpatroon noem.

iv. Die mens en die groep ^{het} is deel ^a van hierdie kultuurpatrone in die menslike samelewing: hulle vorm dit, dra hul deel daartoe by en onderhou dit.

v. Net soos 'n kultuur ontwikkel en verander, so verander en ontwikkel ook die kultuurpatrone omdat die norme verander.

vi. Die noodsaaklike voorwaarde vir die vorming van 'n kultuurpatroon en die instandhouding daarvan is die subjektiewe, d.i. die lewenskapitaalgoedere in die mens self, geleidelik ingeskerp deur die totaliteit van die persone se gedragswyse ten opsigte van 'n bepaalde lewenswyse of lewenspatroon in bepaalde situasies.

vii. Die gesagsfaktor wat in 'n latere hoofstuk behandel

1) Mannheim: Diagnosis of our Time, p. 12.

word, is ook van kardinale belang by die sosiale prosesse van kultuuroordrag tot die vorming van verworwenhede in 'n kultuurpatroon.

7. Universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die die sosiale prosesse van beheer en beplanning.

Tevore is reeds gewys op die belangrikheid van die ander sosiale prosesse by die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid.

Vanselfsprekend lê hieraan ten grondslag die gesonde beskouing van die plek van die enkeling in die sosiale orde. Dit is van besondere waarde vir die gesonde funksionering van 'n gemeenskap of samelewing.

i) Wat is sosiale beheer in die opvoeding?

„For by social control is meant the way in which the entire social order coheres and maintains itself, how it operates as a whole, as a changing equilibrium. The concept of social control brings us to the focus of sociology and its perpetual central problem- the relation of the social order and the individual being, the relation of the unit and the whole.....We must seek out the ways in which society patterns and regulates individual behavior and, at the same time, the ways in which patterned and standardized behavior in turn serves to maintain the social organization" ¹⁾.

Wat hieruit voortvloei nl. die verband tussen die individu en die gemeenskap, noem Lysen „die ewige dilemma" ²⁾. Dit is 'n probleem waarmee die Opvoedkundige Sosiologie om

1) Reuter en Hart aangehaal deur MacIver, R.M. en Page, C.H.: Society. An introductory analysis, p. 137.

2) Vgl. Lysen: Individu en gemeenskap; hoofstuk 3.

die volgende redes spesifiek te make het:

a. In die Opvoedkundige Sosiologie is die verhouding van die enkeling tot die groep die sentrale belangstelling.

b. Die Opvoedkundige Sosiologie interesseer hom vir die funksie wat die enkeling en die groep te vervul het vir die vorming en instandhouding van sowel enkeling as groep.

c. Die Opvoedkundige Sosiologie is ingestel op die proses van verandering wat werkzaam is in die samelewing en waarby die enkeling op gesonde wyse moet aansluit.

In 'n verdere omskrywing van dié drie punte kan ons sê dat ons hier te make het met die samelewingsorde in 'n groot geheel wat bestaan uit die verskillende samelewingsvorme wat saam en vervleg met mekaar staan. Elkeen van hierdie samelewingsvorme het sy leidende funksie en kleur al die aktiwiteite in die verskillende aspekte in die konkrete werklikheid op sy eie manier.

Die resultaat van hierdie roeping van die mens in elke afsonderlike samelewingsvorm is die konformeringsaanpassing aan hierdie normekomplekse in die vorm van min of meer enerses mens-medemens-verhoudinge en -gedragswyses in die verskillende samelewingsaspekte.

Gesamentlik is hierdie enerses gedragpatrone van die verskillende samelewingsvorme nie in stryd met mekaar nie. Inderdaad vul hulle mekaar aan. Dent stel dit só: „..... when the great institutions of society begin to work together towards a common end, then at last we are on the road to the ideal of a society which is educative in all its parts and aspects" ¹⁾.

Kinneman bevestig hierdie woorde as hy wys op die belangrikheid van sosiale beheer: „The most effective

1) Dent: Education in transition, p. 235.

control flows from the social institutions. The institutional organization, because of the standardization of ideas, is usually successful in imposing its standards" 1).

Hierdie beskouing omtrent sosiale beheer is belangrik, omdat die samelewingsvorme die gemeenskaplike handeling en gedragswyses beïnvloed, dit vorm en bepaal by die uitvoering van 'n gemeenskaplike doelstelling.

Sosiale beheer is ook 'n mag wat die enkeling in sy verhouding tot die geheel kosmos: samelewing, tot die samelewingsvorme, tot die samelewingsverhoudinge en tot bepaalde handeling en gebeurtenisse beïnvloed. Dit vorm na sy inhoud 'n verbosonderde krag vir die persoon wat sy lewe lei, rig en verantwoordelik normeer.

Ten einde die voorgaande te kan bereik skrywe Dobinson: ".....education is a main agency of social control" 2). Hierdie beskouing oor sosiale beheer hang saam met 'n lewens- en wêreldbeskouing. Sonder om in besonderhede in te gaan wys ons daarop dat ons die organiese opvatting handhaaf: Indiwidu en gemeenskap.

In samehang met die organiese opvatting, wil ons die lig effens laat val op die vraagstuk van sosiale beplanning. Ons standpunt is dat gesonde sosiale beplanning 3) by sosiale beheer noodsaaklik is en dat ons gevolglik die radikale sosiale beplanning van die "social engineers" 4) van die hand moet wys.

Vervolgens let ons op die volgende:

- ii) Enkele grondstellinge voortvloeiende uit sosiale beheer en beplanning van die opvoeding.

1) Kinneman: Society and Education, p. 271.

2) Dobinson: Education in a changing world, p. 111.

3) Vgl. Smith, W.O. Lester: Education in Great Britain, p. 169.

4) Vgl. Van der Walt: Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, p. 277.

1. Die wese van die sosiale proses van beheer en beplanning van die opvoeding hang saam met ons lewens- en opvoedingsbeskouing, nl. wat die verhouding tussen die individu en die sosiale orde is.
2. Meer nog hang dit saam met die opvatting van wat die verhouding tussen die skool en die samelewingstotaliteit is.
3. Dit hang ook saam met ons opvatting van die funksionele verhouding tussen die enkeling en die sosiale orde en die verhouding van die skool tot die sosiokulturele werklikheid.
4. Dit het verder te make met die normatiewe orde en die feitlike orde van die onderskeie samelewingsvorme soos hulle op mekaar inwerk.
5. Ten slotte is die mens en kind 'n aktiewe element vir die verwesenliking van hierdie normekomplekse wat die individu en die groep se tussenmenslike verhoudinge en gedragswyse normatief in verantwoordelikheid lei en rig tot 'n persoonsroeping.
8. Samevatting en eie opvatting.

Die ruimere sosiologiese opvatting oor onderwys en opvoeding, d.i. die opvatting van die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en roeping met al die sosiale prosesse wat behandel is, is baie noodsaaklik om die volgende redes:

- i. Daar bestaan geen menslike samelewing en dit het ook nie in die verlede bestaan nie waarin daar nie die een of die ander pedagogiese werksaamheid was of is om 'n bepaalde doelstelling te kan bereik nie.
- ii. Elke mens en groep het 'n bepaalde taak en roeping volgens die normatiewe aard van die onderskeie samelewingsvorme, wat tot openbaring kom in die feitlike orde d.w.s.

in die funksies van en mens en groep in die dinamiese strukturele orde van die menslike samelewing op die opvoedkundige lewensterrein.

In aansluiting hierby let ons in die volgende hoofstuk op die verskeidenheid van die pedagogiese werksaamheid wat saamhang met die persoonsroeping.